

J.C. Steyn

Afrikaans as universiteitstaal: Onlangse ontwikkelinge in historiese en internasionale perspektief

Abstract

A study of the history of South African universities from 1918 to 1948 showed that six factors influenced the use of a particular language as a language medium at a university, namely economic and political power, as well as the number of people in the language community (which determines matters such as the official status of the language and the availability of money for universities), lecturers' and students' knowledge of the language, its position as scholarly language, language loyalty and attitudes toward other languages and the support enjoyed by language and related ideologies. Whereas these factors were reasonably favourable for Afrikaans universities in the past, they currently pose a threat to the survival of Afrikaans-medium universities. The standpoint is defended that retaining Afrikaans as educational and scholarly language should be an important factor when making decisions on universities. The tension between internationalisation and retention of the own language and culture is also topical in Europe, and steps have been taken to try to protect the retention of Dutch as language medium at Dutch and Flemish universities.

1. Inleiding

Afrikaans was in 1993 ten minste 'n driekwarteeu lank reeds een van die voer- en eksamentale aan Suid-Afrikaanse universiteite. Die Universiteit van Suid-Afrika het dit in 1918 as eksamentaal erken. Hoewel dit voor daardie jaar heel waarskynlik sporadies in lesings gebesig is, was van die eerste gedokumenteerde gebruike daarvan in dié hoedanigheid in 1918.¹

1 Die Senaat van die Universiteit van Stellenbosch het dit in 1918 goedgekeur dat R.W. Wilcocks sy lesings in Filosofie in Afrikaans en Engels aanbied. Die Grey-universiteitskollege het Afrikaans gebruik in kursusse in Geskiedenis en Duits, terwyl D.F. du T.

Na 'n driekwarteeu word Afrikaans as lesingtaal aan die huidige Afrikaanse en tweetalige universiteite nou bevraagteken. In die NEPI-verslag² word beweer dat daar 'n "over-supply of places in Afrikaans-language residential universities" (NEPI, 1992:71) is, en daarby word verklaar:

Universities in South Africa will have to accept that there will probably be a role for at most two universities whose only medium of instruction is Afrikaans (in certain regions where diversity of this kind might be possible or acceptable) in South Africa in the future. Because white Afrikaans-speaking students are at present overrepresented in the university system, the remaining Afrikaans-language universities will have to become non-racial or multicultural and multilingual PSE [=Post-Secondary Education] institutions (NEPI, 1992:70).

Volgens Vergnani word daar, "met die verkrummeling van apartheid" ook "in akademiese kringe gevra of die onderrigmedium by Afrikaanse universiteite nie liever na Engels verander moet word nie" (Vergnani, 1991:20). Al die Afrikaanse universiteite het in 1993 sommige van hulle lesings deur medium van Engels aangebied. "Afrikaans verloor veld op kampus" is dan ook die veelseggende opskrif waaronder *Rapport* op 31 Oktober 1993 'n berig oor die Afrikaanse universiteite plaas.

Dit is die doel met hierdie artikel om die betekenis te probeer bepaal van onlangse ontwikkelings aan Afrikaanse en tweetalige universiteite wat die voertaal van dié universiteite raak. Dit word gedoen deur die ontwikkelings in historiese en internasionale – in besonder Nederlandse en Belgiese – perspektief te bekyk.

Die volgende temas word behandel:

- (1) Onlangse taalreëlings aan Afrikaanse en tweetalige universiteite.
- (2) Faktore wat die keuse van 'n taal as universiteitstaal in 'n meertalige land bepaal.
- (3) Die totstandkoming van die ouer Afrikaanse universiteite.
- (4) Die posisie van Afrikaanse universiteite in die lig van nuwe ontwikkelings.
- (5) Onlangse ontwikkelings aan Nederlandse en Vlaamse universiteite.
- (6) Kommentaar op huidige ontwikkelings.

Literariese Fakulteit gebruik is, is byna seker; dit was die eerste kolloge of universiteit wat volledig Afrikaans was.

2 NEPI is die afkorting vir *National Education Policy Investigation*.

2. Onlangse taalreëlings aan SA universiteite

Die keuse van taalmedium noodsaak soms uitdruklik geformuleerde reëlings op die volgende gebiede:

- * *Onderrig en studieleiding*: lesings en ander klasaktiwiteite; toets- en eksamenvraestelle; proefskrifte, verhandelings en skripsies; handboeke en ander studiemateriaal; reëlings vir hulp aan studente wie se kennis van die voertaal ontoereikend is.
- * *Navorsing en publikasies*: artikels, navorsingsverslae en kongresreferate.
- * Werksaamhede en publikasies van die universiteit: die administrasie van die universiteit; jaarboeke; vergaderings van die raad, senaat en ondergeskikte liggeme; aanstelling van akademiese en administratiewe personeel.
- * Studente-aktiwiteite en -kennisgewings.

'n Aanduiding dat die voertaalvraagstuk weer akuit word aan Suid-Afrikaanse universiteite, blyk uit talle artikels en briewe in die pers, maar ook uit nuwe taalreëlings aan die Universiteite van Stellenbosch, Pretoria, Oranje-Vrystaat, Potchefstroom, Port Elizabeth, die Randse Afrikaanse Universiteit en die Universiteit van Wes-Kaapland. (Die volgorde van vermelding word bepaal deur die jare waarin hulle selfstandig geword het.) Die meeste van die reëlings het betrekking op onderrig en studieleiding.

1.1 Die Universiteit van Stellenbosch en die Potchefstroomse Universiteit vir CHO

Die *Private Wet* op die Universiteit van Stellenbosch en die *Private Wysigingswet* op die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys bepaal dat Afrikaans die voertaal van hierdie universiteite is, hoewel albei 'n voorbehoud het: "... met dien verstande dat ander tale vir onderrig aangewend mag word waar dit, na die mening van die Senaat, vir effektiewe onderrig noodsaaklik is" (artikel 18 van *Wet No. 107* en artikel 22 (3) van *Wet No. 108*).

Albei die universiteite gebruik egter Engels vir bepaalde kursusse. Op Stellenbosch word onderrig in Engels volgens 'n woordvoerder van dié Universiteit toegelaat in fakulteite soos Bosbou waar die getalle dit vereis (*Rapport*, 1993-10-31).

Die PUCHO verklaar in regulasie A 14 (*Jaarboek 1992*):

Die taalmedium van die Universiteit is Afrikaans en sy onderrig, toetse en eksamens word slegs in Afrikaans aangebied. 'n Student mag egter van die Universiteit toestemming ontvang om enige skriftelike of mondelinge toets of eksamen in Engels af te lê. Die Raad behou hom die reg voor om met betrekking tot sy ander kampus of kampusse as die Potchefstroomkampus, 'n ander besluit oor die taalmedium van sy onderrig, toetse en eksamens te neem indien dit in belang van die Universiteit geag word.

Aandlesings in regsvalke vir die grade B. Juris, B. Proc. en B.A. (Regte) word van 1994 af na alle waarskynlikheid deur medium van Engels gedoseer by die Potchefstroomkampus. Die medium vir die daglesings in dieselfde vakke is Afrikaans.³ Die PUCHO verwag van studente vir wie Afrikaans 'n derde taal is, om die kursus Kommunikasie-Afrikaans te neem en te slaag.⁴

Van 1992 af word Engels as addisionele voertaal by die Vaaldriehoekkampus gebruik vir lesings, studiegidse en vraestelle (*Vaal-weekblad*, 1991-09-27).

1.2 Die Universiteit van Pretoria

Die Raad van die Universiteit van Pretoria het op 12 Oktober 1992 enkele wysigings aan die voertaalbeleid aangebied. Dit lui soos volg:

1. Die onderwys is daarop gemik om die student in elke vak wat hy bestudeer vir vakkundige doeleindes 'n behoorlike beheer oor albei landstale by te bring.
2. Die Universiteit lê hom verder daarop toe om te verseker dat elke student wat die Universiteit na afsluiting van sy studie verlaat, die geleentheid gehad het om voldoende beheer oor albei landstale te verkry.

3 Gegewens verstrek deur prof. W.A.M. Carstens, Departement Afrikaans en Nederlands, PUCHO.

4 Inligting verstrek deur mev. Betsie van der Elst, Departement Afrikaans en Nederlands, PUCHO. Die betrokke regulasie (A 7. 1. 15) lui: "Enige student wat deur die Universiteit tot 'n eerste graad of 'n eerste diplomastudie toegelaat word, en wat nie minstens 'n E-simbool in Afrikaans eerste taal (hoër graad) of 'n C-simbool in Afrikaans tweede taal (hoër graad) op matriekvlak geslaag het nie, is verplig om as nuwevereiste vir sy graad of diploma die kursuseenheid Kommunikasie-Afrikaans (AFK 112, 122) te neem en te slaag alvorens die eerste graad of eerste diploma aan hom toegeken word: met dien verstande dat

- (a) sodanige kursusse vir nie-graaddoelindes geneem word en nie voorgeskrewe kursuseenhede in 'n kurrikulum kan vervang nie;
- (b) die kursuseenhede AFK 112, 122 in die eerste studiejaar geneem moet word,
- (c) dat vrystelling van klasgelde verleen word en
- (d) studente wat 'n finale punt van 60 % in AFK 112 behaal, vrygestel kan word van AFK 122."

3. Die voertaal by formele onderwys is Afrikaans, met dien verstande dat:
 - 3.1 by die onderwys van 'n ander taal (byvoorbeeld Frans en Duits), die betrokke taal die voertaal kan wees;
 - 3.2 in die Fakulteit van veeartsenykunde ook van Engels as voertaal gebruik gemaak word;
 - 3.3 die rektoraat goedkeuring mag verleen dat in die volgende gevalle Engels die voertaal sal wees:
 - 3.3.1 'n kursus wat spesifiek vir 'n nie-Afrikaanssprekende teikengroep ingestel word,
 - 3.3.2 in 'n klas wat addisioneel is tot daardie klasse waarin Afrikaans as voertaal gebruik word, en wel vir die tydperk en op sodanige voorwaardes as wat die Rektoraat mag bepaal.

Vir die aanbieding van 'n kursus in Engels moet vooraf goedkeuring van die Rektoraat verkry word.

Volgens 'n verklaring van die Visekanselier en Rektor van die Universiteit, prof. P. Smit, in Julie 1993 (waarin die vermelde gegewens verstrek word) moet dit ook

... ten alle koste vermy word dat, waar 'n taalmedium vir 'n kursus geld, *taalvermenging* plaasvind. In hierdie verband moet pertinent kennis geneem word van die vergunning wat aan studente gemaak is om tydens lesings vrae te stel en aan die bespreking in die alternatiewe taalmedium deel te neem. Geregtig al dan nie, klagtes is ontvang dat 'n enkele student 'n vraag in Engels stel en dat die lesing daarna in Engels voortgesit word.

Die standpunt is egter nog steeds geldig dat Afrikaans die taalmedium van die Universiteit is. Die verklaring lui verder:

Die gebruik van enige ander taal deur die Universiteit, onder omstandighede waarin die *voertaalbeleid* nie toepassing vind nie, sal gedrewe wees deur die eise vir die doeltreffende en effektiewe funksionering van die Universiteit en die handhawing van erkende en aanvaarde norme vir hoflike en effektiewe dienslewering.

Prof. Smit het in 'n koerantartikel verklaar dat die Universiteit van 1994 af vier rigtings in ingenieurswese volledig in Afrikaans en Engels gaan doseer. Verskeie kursusse in ekonomiese wetenskappe en natuurwetenskappe is ook in Engels. Die nagraadse kursus in Landbou en Landbouontwikkeling is net in Engels (*Rapport*, 1993-06-27).

1.3 Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Dié Universiteit onderskryf die gees van sy Wet en Statuut wat bepaal dat dit 'n Afrikaanse inrigting is. Die Universiteit aanvaar daarby dat ondersteuning verleen moet word aan voornemende studente met akademiese potensiaal wat meestal hulle opvoeding deur medium Engels ontvang het en wat benadeel is deur ontoereikende skoolonderwys, ten einde hulle in staat te stel om toegang te verkry tot universiteitsonderwys.

In samewerking met ander na-sekundêre onderwysinrigtings in die Vrystaat het die UOVS in 1993 'n akademiese ontwikkelingsprogram begin waarin studente deur medium van Engels onderrig ontvang. Dié wat aan die bestaande toelatingsvereistes voldoen, word gehelp om hul studie aan die Universiteit deur medium van Engels voort te sit. Die Universiteit ondersoek maniere om hierdie inisiatief te optimaliseer, en daar word geëksperimenteer met modelle van parallelmedium-onderrig. Studente sal op versoek gehelp word om hul kennis van Afrikaans te verbeter, aldus 'n universiteitspublikasie (*Blitsnuus*, 1993-06-17).

Die Departement Historiese en Vergelykende Opvoedkunde bied sedert 1981 Engelse klasse aan meestersgraadstudente aan, en in 1992 is begin met (addisionele) Engelse klasse vir die kursus Opvoedkunde 110. Van die tweede semester van 1992 af word eerstejaarsklasse in Sosiologie in Afrikaans en Engels gedoseer (*Blitsnuus*, 1993-08-24 en 1993-09-21).

Die Universiteit het dit ook goedgekeur dat lesings in die biologiese rigting van 1994 af in Afrikaans en Engels gegee word. Alle ondersteuningskursusse is dus bykomend in Engels.

1.4 Die Universiteit van Port Elizabeth

Die UPE het in 1992 en 1993 besluit om geleidelik parallelmedium in te voer en die bestaande dubbelmediummodel aan te pas. Parallelmedium word ingevoer in voltydse voorgraadse klasse wat volgens die universiteitsbeleid verdubbel moet word indien daar aan die begin van die jaar meer as 140 studente in die klas is. Die lesings word in Afrikaans en Engels aangebied, en die kursusmateriaal, toets- en eksamenvraestelle moet beskikbaar wees in albei tale. Vir alle ander voltydse voorgraadse kursusse word 'n dubbelmediummodel gebruik. Alle toets- en eksamenvraestelle, asook studiemateriaal wat die Universiteit beskikbaar stel, moet in Afrikaans en Engels wees, terwyl lesings op 'n 50-50-grondslag in albei dié tale aangebied word. Indien die Senaat oortuig is dat daar gegronde redes is, kan

lesings egter hoofsaaklik of uitsluitend in óf Afrikaans óf Engels aangebied word.⁵

1.5 Randse Afrikaanse Universiteit

In Oktober 1993, toe hierdie artikel persklaar gemaak is, was daar nog geen duidelikheid oor ingrypende veranderings wat die RAU in daardie stadium aan sy beleid oorweeg het nie. Tot in 1993 is meer aspekte van die taalbeleid uitgestippel as aan die ander Afrikaanse universiteite. Daar was byvoorbeeld bepalinge oor studente-aktiwiteite, interne administrasie en die skryf van verhandelings en proefskrifte. Die kontras tussen die ou en die beoogde beleide blyk uit 'n vergelyking tussen die beleide, soos gepubliseer in die jaarboek, en soos deur berigte in die vooruitsig gestel.

Die eerste bepaling van algemene regulasies A. 11, soos gepubliseer in die Jaarboek, lui:

Die taalmedium van die Universiteit is Afrikaans. In buitengewone omstandighede mag 'n viserektor, op aanbeveling van 'n departementele voorsitter en die betrokke Dekaan, toestemming verleen dat Engels as taalmedium gebruik word.

Die toestemming mag alleen verleen word indien alle Afrikaanssprekende studente in die betrokke kursus daartoe instem. Geen dosent is verplig om in Engels te onderrig nie, tensy die Senaat besluit het dat Engels die onderrigtaal in 'n bepaalde kursus is.

Dié bepaling het implikasies vir die toelating van studente. Voornemende nagraadse studente wat die eerste keer wil registreer, kan verplig word om 'n taaltoets in Afrikaans af te lê om te bepaal of hulle oor genoegsame vaardigheid in Afrikaans beskik om met sukses gedoseerde gedeeltes van nagraadse kursusse in Afrikaans te kan volg en vakliteratuur in Afrikaans te kan bemeester.

Voornemende studente wat vir die eerste keer voorgraads wil registreer, moet benewens die ander toelatingsvereistes in die matrikulasie-eindeksamen, voldoen het aan een van die volgende taalvereistes: minstens 'n D vir Afrikaans eerste taal hoër graad, of 'n C vir Afrikaans tweede taal hoër graad of 'n C vir Afrikaans op die standaardgraad. Die betrokke dekaan kan op grond van meriete van bogenoemde vereiste afwyk, maar toegewings is onderhewig daaraan dat die betrokke kandidaat die kursus in Voorbereidende Afrikaans volg. 'n Student vir wie dit as

5 Dié gegevens is verstrekk deur dr. Danie Jordaan van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Port Elizabeth.

voorwaarde geld, kan toelating tot voortgesette studies verbeur indien die kursus gedruip word.

Die eksamenvraestelle is in Afrikaans, behalwe vir kursusse in Engels en vreemde tale. Goedkeuring om 'n vraestel in sowel Afrikaans as Engels beskikbaar te stel, kan deur die betrokke dekaan verleen word. Eksamenvraestelle kan in Engels beantwoord word.

Spesiale goedkeuring vir die skryf van magisterskripsies en -verhandelings en doktorsale proefskrifte in Engels kan deur die betrokke dekaan verleen word op grond van 'n gemotiveerde versoek en op aanbeveling van die betrokke departementele voorsitter. In so 'n geval moet daar ook 'n substantiewe opsomming in Afrikaans voor in elke eksemplaar ingebind word.

Van groot belang vir Afrikaans as wetenskapstaal is 'n bepaling dat personeellede aangemoedig word om binnelands vakwetenskaplike werk in Afrikaans te publiseer "en sodoende mee te werk aan die uitbouing en verfyning daarvan as vaktaal". By kontraknavorsing, navorsing op versoek en borgskap van studies "word gepoog om sover doenlik die Afrikaanse karakter van die Universiteit te beskerm".

Ander bepalings lui dat Afrikaans die voertaal van amptelike vergaderings en interne administratiewe kommunikasie is. In akademiese en kulturele kontak met buite-instansies word die Afrikaanse karakter van die Universiteit en sy voertaal "met die gewenste diskresie en welwillendheid gehandhaaf". Ten opsigte van studente-aktiwiteite word bepaal dat die studenteraad optree en moet toesien dat die taalbeleid wat aansluit by die Missie van die Universiteit gehandhaaf word. "Die taalmedium van die RAU-Radio (uitgesonderd die inhoud van musieknommers) en Die Heraut is Afrikaans."

In Oktober 1993 het berigte aan die lig gebring dat die Universiteit dit oorweeg om sy lesings "in 'n groot mate" in Engels te dupliseer. Dit kan in 1995 reeds 'n parallelmedium-universiteit word. Volgens die Rektor, prof. Cas Crouse, bly die bestuurstaal egter "onbevange Afrikaans". Die verdubbeling van lesings kan geskied deur Afrikaans byvoorbeeld oorwegend op Maandag, Dinsdag en Woensdag te gebruik, en Engels op Woensdag, Donderdag en Vrydag (*Beeld*, 1993-10-30).

1.6 Universiteit van Wes-Kaapland

Die taalbeleid van die UWK was in 1993 onduidelik. Berigte sedert 1988 het die indruk geskep dat die Universiteit op pad is om net Engels as voertaal te gebruik. Afrikaans was in 1993 nog net in beperkte mate lesingtaal. Tog was dit nie heeltemal verdring deur Engels nie. In Geskiedenis is byvoorbeeld parallelmedium-

klasse tot op tweede jaar verskaf, terwyl die voertaal daarna Engels was. Eksamenvraestelle word vir alle vakke in Afrikaans en Engels opgestel. In 1993 was die administratiewe taal Engels hoewel personeellede wat dit verkies, briefwisseling in Afrikaans kon voer.

3. Faktore wat die taal van universiteite bepaal

Verskeie veranderlike omstandighede bepaal of 'n besondere taal in 'n meertalige land as universiteitstaal gebruik word. Die faktore wat in die grootste deel van die twintigste eeu in Suid-Afrika werksaam was, is die volgende:

- (1) Die mag/magtelooheid van die taalgemeenskap, in besonder sy getalsterkte en politieke en/of ekonomiese mag. Dit het onder meer 'n invloed op
 - 1.1 die gesindheid en kapitaalkragtigheid van instansies en individue wat die geld moet verskaf om die universiteite te stig en aan die gang te hou, soos die regering wat subsidies betaal, moontlike donateurs en die gemeenskap waaruit die studente kom en
 - 1.2 die behoefte aan opleiding deur middel van die taal vir loopbane buite die onderwys (veral die tersiêre onderwys), byvoorbeeld in bestuursinstellings, op die regbank, in die sakelewe en nywerhede.
- (2) Die kennis van die taal by die dosente.
- (3) Die kennis van die taal by die studente, wat onder meer daarvan afhang of die taal 'n onderrigmedium in primêre en sekondêre skole van die land is.
- (4) Die 'stand' van die taal as wetenskapstaal – wat onder meer tot uitdrukking kom in die beskikbaarheid van handboeke en studiemateriaal daarin – en in samehang daarmee, die mate van internasionale bekendheid daarvan.
- (5) Die taalgetrouheid van die betrokke gemeenskap en die houding teenoor ander tale. Die deel van die taalgemeenskap wat hier belangrik is, is die studente, dosente en universiteitsliggame soos raad en senaat (wat onder meer besluit oor die lesing- en eksamentaal) asook die gemeenskap waaruit die studente kom.
- (6) Die aanhang wat bepaalde taal- en verwante ideologieë in die gemeenskap geniet, en die moontlike invloed daarvan op die taalgetrouheid en taalhou-dings van die gemeenskap.

4. Die totstandkoming van Afrikaanse universiteite

Dit is onmoontlik om die voertaalvraagstuk in die vroeë geskiedenis van die Suid-Afrikaanse universiteitswese volledig te behandel. Hier word in hoofsaak 'n oorsig gegee van die totstandkoming van Afrikaanse universiteite (soos dit blyk uit Boucher, 1973 en Steyn, 1993).

Die eerste universiteit in ons land was 'n eksaminerende universiteit, die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop. Dit het in 1873 tot stand gekom terwyl 'n verengelsingproses van die onderwys en openbare lewe aan die gang was.

Dié Universiteit het net Engels erken as taal vir eksamens soos die junior serti-fikaat-, matrikulasie- en universiteitseksamens. Alle inrigtings vir tersiêre onderwys het deur medium van Engels gedoseer omdat dit die eksamentaal was en omdat die meeste dosente Skotte en ander Engelssprekendes was.

In 1908 het die Nasionale Konvensie besluit dat Engels en Hollands albei amptelike tale van die Unie van Suid-Afrika sou wees. Opeenvolgende regerings moes met die amptelike status van die twee tale rekening hou – ook in die universiteitswese.

Na heelwat stryd en kompromieë het drie universiteite op 2 April 1918 selfstandig geword: die Universiteite van Stellenbosch, Kaapstad en Suid-Afrika. By laasgenoemde was ses kolleges geaffilieer, naamlik die SA School of Mines and Technology wat in 1921 selfstandig geword het as die Universiteit van die Witwatersrand, die Transvaalse Universiteitskollege (TUK), wat in 1930 die Universiteit van Pretoria geword het, die Grey Universiteitskollege (GUK), later Universiteitskollege van die Vrystaat (UKOVS), die Rhodes- en Natalse Universiteitskolleges, en die Hugenote-universiteitskollege op Wellington. Die Potchefstroomse Universiteitskollege (PUK) het in 1921 'n geaffilieerde kollege geword, en Fort Hare in 1923.

Politieke en ander leiers was lank ten gunste van tweetalige universiteite. Die Minister van Onderwys, F.S. Malan, het in 1918 'n aantal riglyne aan die universiteite gegee oor hoe hulle die voertaalvraagstuk moes hanteer: universiteite moes die tweetalige student as die normale student beskou, elke universiteitsraad moes die onderrig volgens behoefte verdeel in Engels- en Hollandsmedium onderwerpe, eksamens moes afgelê word in die onderrigtaal, die verdubbeling van professore en lektore sou 'n lang tyd buite die kwessie wees.

Maar ondanks die amptelike houding het daar in die volgende drie dekades 'n taaldifferensiasie plaasgevind. In 1948 was vier universiteite Afrikaans en vier Engels. Unisa het tweetalig gebly.

Die Afrikaanswordingsproses was langzaam behalwe aan die Potchefstroomse Universiteitskollege wat uit die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk ontwikkel het en uit die staanspoor byna uitsluitend Afrikaans was.

In Stellenbosch het die proses die rustigste verloop. Omstreeks 1930 was sowat 670 lesings per week in Afrikaans en sowat 140 in Engels. In die Fakulteit Natuurwetenskappe is lesings in dele van vakke tot ongeveer 1940 in Engels gegee. Die meeste vakke in die Fakulteit Landbou en Handelwetenskappe was gou in Afrikaans. Dit was anders aan die Universiteit van Pretoria waar dié twee Fakulteite lank oorwegend Engels gebly het. Volgens amptelike syfers was 65 persent van die Pretoriase studente in Julie 1931 Afrikaans terwyl net 32 persent van die lesings daarin gegee is. In 1932, wat 'n jaar van storms vir die Univer-siteit was, het die Raad en Senaat tot Afrikaanswording besluit. Die inrigting met die grootste probleme was UKOVS wat na 'n bittere stryd in 1943 in 'n Afrikaanse rigting beweeg het. Aan die Hugenotekollege was die meerderheid studente Afrikaans, maar die vakke is in Engels gedoseer, behalwe Afrikaans/Nederlands en in later jare Fisika. In 1950 is die kollege gesluit.

Hoe het die veranderlike omstandighede wat in afdeling 2 vermeld word, daartoe bygedra dat sommige universiteite Engels gebly en ander geleidelik in 'n Afrikaanse rigting ontwikkel het?

4.1 Politieke en ekonomiese mag

4.1.1 Besikbaarheid van geld

Tot ongeveer die sestigerjare was daar sosiale, ekonomiese en politieke grense tussen die wit en nie-wit gemeenskappe van Suid-Afrika; vergelykbare grense het trouens ook in lande soos die VSA voorgekom. In die wit gemeenskap het die Afrikaners groter getalle gehad, maar beperkte ekonomiese mag en by tye ook min politieke mag. Die Afrikaanswording van veral UP en UKOVS is om geldelike redes teengestaan. Die TUK het in 1918 verklaar dat dit 'n geldelike ramp vir die kollege sou wees indien dit Afrikaans word. Toe die Universiteit in 1932 besluit om Afrikaans te word, het die stadsraad van Pretoria inderdaad sy geldelike steun 'n tyd lank opgeskort.

Die Bloemfonteinse stadsraad het in 1930 verklaar dat, indien die Grey Universiteitskollege Afrikaans word, dit nie regverdig sou wees as hy geld wat die stadsraad van 'n oorwegend Engelse bevolking kry, sou gee aan 'n Afrikaanse instelling waarheen die Engelse op die ou end nie hul kinders kan stuur nie.

4.1.2 Behoeftes aan Afrikaans

Aan mense wat in Engels opgelei is, was daar nog altyd sedert die negentiende eeu 'n behoefte in Suid-Afrika, maar na 1910 was daar eweneens 'n groter wordende behoefte aan mense wat in Afrikaans opgelei is. Dit was deels, maar nie alleen, die gevolg van die amptelike status van 'Hollands' wat na 1925 Afrikaans ingesluit het.

In hierdie verband word soms beweringe gemaak soos dié van Luckett dat Afrikaans 'n voorbeeld is van "language development (of an indigenous and subordinated creole into an official language) via political will and state power" (1993:53). Die outeur laat na om te vermeld dat Engels eweneens, en in groter mate, sy offisiële status gekry en in Suid-Afrika vordering gemaak het "via political will and state power", selfs militêre verowering. Daarvan getuig die talle maatreëls in die 19de-eeuse Kaapkolonie, die Anglo-Boere-oorlog en dieselfde grondwet wat aan 'Hollands' amptelike status gegee het, naamlik die *South Africa Act* van 1909.

4.2 Taalkennis van dosente

Die meeste professore in die land was aanvanklik afkomstig uit die buiteland. In 1919 was die Suid-Afrikaans-geborenes net op Stellenbosch in die meerderheid. Enkele buitelandse dosente het uit Nederland en Vlaandere gekom, maar die meerderheid was uit Engelssprekende lande afkomstig of is daar opgelei.

Talle dosente aan die Afrikaanse universiteite was Engelssprekend en dié wat dit verkies het, is toegelaat om tot met hul aftrede deur medium van Engels te doseer. Gedeeltes van verskeie vakke het by Afrikaanse universiteite tot in die jare vyftig Engels gebly – by Stellenbosch byvoorbeeld 'n deel van Grieks tot in 1944, en in Pretoria 'n deel van Geskiedenis tot 1940.

4.3 Afrikaans as wetenskapstaal

'n Faktor wat die gebruik van Afrikaans beïnvloed het, was die feit dat dit omstreeks 1918 nog nie vir al die wetenskappe geskik was nie. Handboeke het aanvanklik ontbreek.

4.4 Taalkennis van die studente

Baie studente, veral aan die latere Engelse universiteite, was eentalig. Die minister was 'n bietjie werklikheidsvreemd toe hy die riglyn neergelê het dat die normale student tweetalig is. Die universiteite het in 1918 op versoek van die Departement van Unie-onderwys inligting verstrek oor die taalvaardigheid van

hul eerstejaars. Hulle moes sê hoeveel eerstejaars bevoeg was om lesings te verstaan in 'Hollands' alleen, Engels alleen en in 'Hollands' én Engels.

Daar was net twee 'Hollands'-eentalige eerstejaars, albei aan die Transvaalse Universiteitskollege. Dié kollege het verder vier Engels-eentalige eerstejaars gehad en 96 tweetaliges. Baie eerstejaars kon net in Engels lesings volg: in Kaapstad 193, teenoor 102 in 'Hollands' en Engels, by Rhodes 50 slegs in Engels en 33 in albei tale, by Natal 40 slegs in Engels en 10 in albei tale. By Stellenbosch en Bloemfontein was daar geen eentaliges nie, en op Stellenbosch 250 tweetaliges en in Bloemfontein 75.

By Kaapstad, Rhodes en Natal, asook Wits, was die eentaliges dus meer as die tweetaliges. Die eentaligheid van soveel Engelse studente het help verseker dat hierdie inrigtings Engels sou bly.

Die universiteite waarvan die meerderheid studente tweetalig was, het albei tale as voertale aanvaar, en mettertyd in 'n Afrikaanse rigting ontwikkel. By dié inrigtings was die Afrikanerstudente in die meerderheid, en was die universiteitsrade Afrikaans simpatiekgesind.

4.5 Taalgetrouheid en houding teenoor ander tale

Die Engelse gemeenskap was 'n besonder taalgetroue gemeenskap wat bowendien in die eerste dekades van die eeu negatief teenoor Afrikaans en sy sprekers gestaan het. Daar was geen geldelike, politieke of ideologiese oorwegings wat meegehelp het dat hierdie universiteite in die taalbehoefte van Afrikaanse studente sou voorsien nie.

Hierdie universiteite het nie die minister se riglyn gevolg en party vakke in Afrikaans aangebied en ander in Engels nie. Studente wat na die Engelse universiteite wou gaan, moes sorg dat hulle Engels beheers. Alleen die Universiteit van Kaapstad, wat betreklik baie Afrikaanse studente gehad het, het aan sy Fakulteit Opvoedkunde voorsiening gemaak vir lesings deur medium van Nederlands en later Afrikaans.

Maar taalgetrouheid was ook in 'n groot deel van die Afrikaanse gemeenskap 'n belangrike faktor. Aan al die Afrikaanse universiteite was daar dosente wat in Afrikaans gedoseer en dit vir alle wetenskappe geskik help maak het. In baie gevalle was dit geesdriftige jongeres wat aan Europese, veral Nederlandse, Duitse en Switserse universiteite gestudeer het.

Sommige dosente het Afrikaans weliswaar sonder geesdrif aanvaar. In Bloemfontein het 'n professor in Dierkunde (T.F. Dreyer) na enkele jare Afrikaans verruil vir Engels. Hy het gesê dat Afrikaans nie geskik is vir die doseer van

Dierkunde nie. Sy kollega in Stellenbosch, die later bekende skrywer Con de Villiers, het later egter gesê: "Die oorskakeling was vir my nooit 'n taak nie, en ek kon nog nooit die Jeremia's begryp wat meen dat dit onmoontlik is om sekere vakke in Afrikaans te doseer nie" (1979:47).

Ook by die meeste Afrikaanse studente was daar oor die algemeen 'n sterk positiewe taalhouding. Organisasies soos die Afrikaanse Studentebond het hulle beywer vir die gebruik van Afrikaans as voertaal. Die Senaat van die Universiteit van Suid-Afrika het in 1918 besluit om Afrikaans as voertaal en eksamentaal aan sy gefedereerde kolleges toe te laat nadat die ASB dit in 'n petisie aan die Senaat gevra het. Die ASB was ook ten gunste van afsonderlike Afrikaanse en Engelse universiteite.

4.6 Ideologiese oorwegings

Die idee van afsonderlike universiteite het aanvanklik min steun geniet van politici en akademici, maar voorstanders kon aansluiting vind by 'n gedagte wat sedert die twintigerjare veld gewen het in Suid-Afrika: die gedagte dat gelyke repte in die onderwys die beste beoefen kan word in afsonderlike skole vir die onderskeie taalgroepe. Dit is 'n sterk vorm van taalpluralisme.

Teenoor taalpluralisme staan in Cobarrubias (1983:63 e.v.), se siening taalassimilasie en internasionalisme en hierdie twee taalideologieë het soms teenstand teen die ontstaan en voortbestaan van Afrikaanse inrigtings geïnspireer. Taalassimilasie was in 'n groot deel van die negentiende eeu en die begin van die twintigste eeu die beleid. Daar is gesê Engels kon aan alle universiteite die voertaal wees, aangesien die oorgrote meerderheid studente tog Engels kon verstaan.

Soms was 'n nasiebou-ideologie die dryfveer vir teenstand teen Afrikaanse inrigtings, veral skole. Baie politici wou 'n verenigde nasie opbou deur Afrikaanse en Engelse leerlinge en studente in dieselfde skole en universiteite te onderrig. Daar was selde besware teen eentalige Engelse skole en universiteite, maar wel teen eentalige Afrikaanse instellings. Genl. Smuts was daarteen dat die Universiteit van Pretoria Afrikaans word en het dit "betreurenswaardig" genoem terwyl hy geen beswaar uitgespreek het teen suiwer Engelse universiteite nie (*Die Burger*, 1932-09-15).

Om veral ekonomiese en ideologiese redes het UKOVS dus lank tweetalig gebly, en het die TUK allerlei maatreëls getref om Engelse studente tegemoet te kom en hulle te behou. 'n Belangrike maatreël was parallelmediumonderrig vir groter klasse. Dit het die steun van heelwat dosente en die Engelse studente in Pretoria geniet en is in die jare twintig vir sommige vakke gebruik.

Daarby is studente, veral in Pretoria, gehelp deur aanvullende klasaantekeninge beskikbaar te stel in 'n ander taal as dié waarin die lesings gehou is.

Dit was tot voordeel van hierdie universiteite dat hulle studente uit 'n groter gemeenskap kon trek, maar tweetalige universiteite het met 'n interne taalstryd te kampe gehad. Afrikaners was van mening dat hulle afgeskeep word. Daarby het die tweetaligheid, of halfslagtigheid, soos dit destyds aangevoel is, die universiteite benadeel op 'n terrein waarvan hulle vir hulle voortbestaan afhanklik was, naamlik die gemeenskap. Voorstanders van die Afrikaanswording van UKOVS het dikwels betoog dat Afrikaanse studente in die Vrystaat liewer na ander Afrikaanse universiteite, veral Stellenbosch, gaan. Soortgelyke bewerings is van Engelse kant gemaak: dat hulle studente liewer na die suiwer Engelse Kaapstad en Wits gaan.

Die mees omstrede ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse universiteitswese na die taalstryde van die jare dertig en veertig was die totstandkoming in 1960 van die Universiteitskolleges van die Noorde, Zoeloeland, Wes-Kaapland en Durban. Eersgenoemde drie het op 1 Januarie 1970 saam met die Universiteitskollege van Fort Hare selfstandig geword, en die Universiteit van Durban-Westville in 1971.

Hoewel eersgenoemde twee en die Universiteitskollege van Fort Hare Afrikataalsprekende studente gehad het, het die Afrikatale nie die voertaal geword nie. Die betrokke gemeenskappe het in 1960 min ekonomiese en geen politieke mag gehad nie, en sommige van die tale sou eers vanaf die sewentigerjare amptelike status in bepaalde streke kry. Die eerste dosente was Afrikaans- en Engelssprekendes en min van hulle was in staat om deur middel van 'n Afrikataal te doseer; latere sprekers van Afrikatale wat dosente geword het, het min pogings aangewend om in hul moedertaal te doseer. Sommige van die universiteite het studente uit meer as een taalgemeenskap getrek. Bowendien sou daar ook met eksaminering 'n probleem wees: dosente van die Universiteit van Suid-Afrika het in die eerste dekade opgetree as eksterne eksaminatore, en dit kon kwalik van hulle verwag word om 'n verskeidenheid Afrikatale te leer net ter wille van die eksterne eksaminering. 'n Positiewe gesindheid teenoor die eie tale het buitendien by die studente ontbreek, en, anders as in die geval van die Afrikaanse studente in 1918, was daar geen ernstige versoek van Afrikataalsprekers om sommige van hulle tale die voertaal te maak nie. Engels is van die begin af gebruik; dit was in elk geval die voertaal aan die meeste hoërskole van die Afrikataalsprekers.

5. Die bedreiging van Afrikaanse universiteite deur onlangse ontwikkelinge

Die huidige ontwikkelings aan Afrikaanse universiteite, waaruit die maatreëls in afdeling 2 voortgekom het, kan 'n mens bekyk in die lig van die faktore in afdeling 3 genoem.

5.1 Politieke en ekonomiese mag en getalsterkte

5.1.1 Beskikbaarheid van geld

Die verdwyning van grense tussen wit en nie-wit lei daartoe dat Afrikaanssprekendes, en veral Afrikaners, numeries 'n minder belangrike faktor word, hoewel daar in die groep 'n groot aantal hoogs opgeleide mense is. Daarby sal Afrikaanssprekendes in 'n nuwe staatkundige bedeling min politieke mag hê, terwyl hulle ekonomies oor heelwat minder mag as die Engelssprekendes beskik. Bowendien is dit nie onmoontlik nie dat 'n nuwe regering taaleise, of ander eise met implikasies vir die voertaal, kan stel as voorwaarde vir staatsubsidie.

Dit word in die vooruitsig gestel deur prof. Hennie Kotzé, hoogleraar in Politieke Wetenskap aan die US, wat in 1991 gesê het dat enige meerderheidsregering sal kyk na die aantal swart studente aan 'n universiteit. "As daar té min is, kan nuwe prioriteite vir gemeenskapsontwikkeling gestel word, wat 'n negatiewe uitwerking op universiteite sal hê" (*Die Volksblad*, 1991-06-14). Volgens Vergnani meen John Samuel van die ANC se onderwysdepartement dat die staat genoodsaak sal wees om op die een of ander manier in te gryp

... as universiteite wat geld uit die staatskas ontvang, nie in staat is om te reageer op die behoeftes van die land nie ... Ek glo nie ons het vyf Afrikaanstalige universiteite nodig nie. Soos baie ander inrigtings wat tot stand gekom het om die oorlewing van apartheid te verseker, sal die bestaan van so baie Afrikaanstalige universiteite duidelik weer oorweeg moet word (Vergnani, 1991:20-21).

Samuel se tendensieuse formulering suggereer dat die Afrikaanse universiteite tot stand gekom het "om die oorlewing van apartheid te verseker" – wat historiese onsin is, soos onder meer uit die uiteensetting in afdeling 4 blyk. Daarby verswyg hy dat daar tans byna vier keer soveel Engelstalige kampusse as Afrikaans-taliges is.

5.1.2 Behoeftte aan Afrikaans

Daar bestaan onsekerheid oor minstens een van die veranderlike omstandighede wat die keuse van die voertaal aan universiteite beïnvloed. Dit is die waarde wat die verskillende tale in die toekoms gaan hê, en dus ook die behoefte wat daar aan mense met opleiding deur middel van Afrikaans gaan bestaan. Ten dele gaan die behoefte aan Afrikaans bepaal word deur die grondwetlike status daarvan, ten dele deur die houding van die toekomstige politieke en ekonomiese maghebbers.

5.2 Taalkennis van dosente

Tans is die oorgrote meerderheid dosente aan Afrikaanse universiteite Afrikaans magtig. Hierdie situasie kan verander as Afrikaanse en tweetalige universiteite hul aanstellingsbeleid wysig en in die reël nie langer met dosente se taalkennis rekening hou nie. Gedagtig aan die moontlikheid van regstellende optrede (*affirmative action*) aan staats- en semi-staatsinstellings is dit alles behalwe 'n *skrale* moontlikheid.

5.3 Afrikaans as wetenskapstaal

Afrikaans is tans 'n taal wat vir alle wetenskappe aan die universiteite gebruik word.

5.4 Taalkennis van studente

Daar is tans twee verwante ontwikkelings aan die gang. Die eerste is dat al meer Suid-Afrikaanse sprekers van Afrikatale na Afrikaanse en tweetalige (en ook Engelse) universiteite kom.

In die jare tagtig het talle Xhosasprekende studente by die die Universiteit van Wes-Kaapland ingeskryf. Dit het ook taalgevolge gehad – hierdie gevolge word die beste weerspieël in die antwoorde wat twee studente aan die einde van die jare tagtig aan 'n verteenwoordiger van *Insig*, Tobie Wiese, gegee het. Wiese het aan twee studente gevra of daar Afrikaans in die klas gepraat word.

'Ja, ma' nie eintlik nie, het 'n eerstejaar B.A. gesê.

'Dit werk so: Sê nou ma' ons is honderd in die klas. Dis nou ons en so twintig van die ...ehh ... Africans. As die lecturer Afrikaans praat, protest hulle en sê: Sir, we don't understand. Dan praat ons almal Engels in die klas. Ma' as ek en my pël praat, dan is dit Afrikaans.'

'Op die protest meetings sal die Africans ook vir jou sê we don't understand. Ma' party ouens persist en praat net Afrikaans.'

'Die handboeke is alles in Engels,' sê die B. Comm.-student, 'en dan is dit makliker om in die klas dieselfde taal te praat' (Wiese, 1988:29).

'n Tweede ontwikkeling wat Afrikaanse universiteite raak, is die groter wordende strewe na internasionale aansluiting en erkenning. Die uitruil van studente en dosente is 'n wêreldwye verskynsel. Belangwekkende werk word aan Afrikaanse universiteite gedoen en gevolglik trek dié universiteite studente van elders.

Die twee faktore saam lei daartoe dat groot getalle nie-Afrikaanssprekendes van buite en binne Suid-Afrika aan Afrikaanse universiteite inskryf. Prof. Smit sê in 'n koerantartikel dat al meer studente uit ander Afrikalande aan die UP studeer. Aan die Universiteit van Pretoria is een-vyfde van die studente nie-Afrikaanssprekend (*Rapport*, 1993-06-27).

5.5 Taalgetrouheid en houding teenoor ander tale

In uitsprake en optredes van individue is getuienis te vinde van groeiende taalgetrouheid, maar ook van 'n gesindheid van defaitisme en kapitulasie. Getuienis, buite die hoër onderwys, van taalgetrouheid lewer byvoorbeeld die feit dat 'n kultuurorganisasie binne 'n paar dae 210 000 handtekeninge kon insamel van mense wat die behoud van Afrikaans as offisiële taal steun (*Die Volksblad*, 1993-11-05).

'n Negatiewe gesindheid teenoor Afrikaans bestaan egter by individue aan verskeie universiteite. In 1992 het 'n klein aantal studente en dosente van die Universiteit van Stellenbosch 'n kampanje gevoer teen die wetgewing wat bepaal dat Afrikaans voertaal van die universiteit sal wees. Ook die studenteraad het verklaar dat hy nie die wetgewing kan steun nie (*Die Burger*, 1992-05-23).

Daarteenoor staan die feit dat talle akademici besorg is oor die behoud van Afrikaans as universiteitstaal. Die verklarings van die universiteite wat in afdeling 2 aangehaal is, getuig daarvan dat hulle Afrikaans as voertaal probeer behou. Dis te verstaan dat die grootste kommer te vinde sal wees in departemente van Afrikaans en Nederlands. 'n Voorbeeld hiervan is 'n sterk pleidooi van die Departement Afrikaans en Nederlands van die Universiteit van Wes-Kaapland in Desember 1991 vir die behoud van Afrikaans as onderrigmedium. Dié departement het gereageer op 'n voorstel van die akademiese ontwikkelingskomitee van die UWK dat Engels die hoofonderrigmedium word.

Die Departement het gewaarsku dat Afrikaans op die duur "gestigmatiseer en waardeloos gemaak sal word in akademiese verband" as Engels voorkeur moet geniet.

Die "anglisering van die UWK gaan stadstudente bo plattelanders bevoordeel en 'n nuwe elite skep" wat mense van mekaar kan vervreem en skei. Dis duidelik dat Engels oorbeklemtoon en "oorgeakkommodeer" gaan word as die voorgestelde plan aanvaar word.

Die Departement sê hy stem saam dat Engels politieke-ekonomiese voordele inhoud, maar in 'n veeltalige bestel kan dit nooit die enigste akademiese taal wees nie. Binne Suid-Afrikaanse verband het Afrikaans tot 'n sterk wetenskapstaal ontwikkel. Dit word doeltreffend op verskillende vlakke van die staat, die politiek, die ekonomie en die natuur- en geesteswetenskappe gebruik.

Dit sou onwys wees om studente die benutting van Afrikaans as akademiese taal te ontsê. Hoewel die magsposisie van Afrikaans in die verlede misbruik is, mag ons nie ontken dat nagenoeg 50 persent van die huidige studentetal dit as eerste taal praat nie (*Die Burger*, 1991-12-21).

5.6 Die aanhang van taal- en verwante ideologieë

In mindere of meerdere mate oefen al die taal- en verwante ideologieë van die eerste dekades van die eeu nog steeds in Suid-Afrika 'n invloed uit.

Die diskussie oor ontwikkelings in 5.1 – 5.6 word vertroebel deur ten eerste die beskuldiging dat besorgdes die taal gebruik as voorwendsel om Afrikaanse universiteite sogenaamd blank te hou en apartheid te verskans, en ten tweede die skynbare weiering om te erken dat die gebruik van 'n taal vir die wetenskap noodsaaklik is vir die behoud daarvan as volwaardige kultuurtaal.

Wat die eerste punt betref, kan 'n mens wys op die bewering van Vergnani dat Afrikaans "die grootste versperring (bly) wat in die pad staan van swart studente wat aan hierdie inrigtings wil studeer" (1991:20). Hierdie beskuldiging, wat ook deur ander gemaak word⁶, lei tot 'n onverdiende stigmatisering van Afrikaans.

6 Vergelyk byvoorbeeld "Afrikaanse onderrig 'keer studente'" (volgens mnr. John Samuel, hoof van die ANC se Opvoedkundedepartement; *Die Volksblad*, 1991-08-28); "Knusse Matic-eiland" en "'n Wit Afrikaans-eiland?" deur Hennie Serfontein (*Vrye Weekblad*, 1992-02-7/13 en 1992-02-14/20) na aanleiding van onderskeidelik die voorneme van die US om die Afrikaanse karakter van die universiteit wetlik vas te lê en 'n "dekrete" (die skrywer se woord) van die RAU dat publisiteitsverklarings en pamflette van studente-organisasies net in Afrikaans mag wees. Amanda Gouws, Anthony Leysens en Lisa Thompson het die Stellenbosse wetgewing bestempel as "'n verdedigingstrategie teen die verwagte instroming van swart studente" (*Vrye Weekblad*, 1992-03-20/26). Ander artikels en briewe met dieselfde strekking is "Van potensiele kaapse oxford na provinsiale universiteit" deur Christelle Terreblanche (*Vrye Weekblad*, 1992-05-15/21), "Matics may become 'tribal college'" (*Weekly Mail*, 1992-05-22/28); "Rassisme, nie taal nie, die probleem" (Dreyer Kruger in *Vrye Weekblad*, 1992-05-29/06-04), "Gaan dit werklik oor Afrikaans" deur Christelle Terreblanche (*Vrye Weekblad*, 1992-05-29/06-04) Respek-

Onlangse ontwikkelinge in Nederland en België toon dat die voertaalprobleme wat internasionalisering skep, nie tot Afrikaanse universiteite beperk is nie, en dat die nadelige gevolge van die proses vir die behoud van die eie tale en kulture allerweë erken word.

6. Ontwikkelings aan Nederlandse en Belgiese universiteite

Die toenemende internasionalisering, asook die integrasie van Europa, skep in dié wêrelddeel 'n groeiende behoefte aan die gebruik van vreemde tale. In Nederland en België word Engels byvoorbeeld al meer in die bedryfslewe gebruik, en is daar 'n groeiende aantal sogenaamde 'English streams' aan sekondêre skole.

Daarby word Engels ook meer aan universiteite gebruik. 'n Mededeling in die *programmaboek 1992-1993* van die Katholieke Universiteit van Leuven lui byvoorbeeld:

Het Nederlands is de voertaal van de K.U. Leuven, maar omwille van de internationale betekenis van de universiteit worden tal van, vooral postgraduate, colleges en seminaries in het Engels, soms ook in andere talen, gegeven.

Die rektor van die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam het in November 1991 op 'n kongres oor die toekoms van Nederlands aangekondig dat aan sy universiteit weldra 'n kwart van die kursusse in Engels gegee sal word (*Gazet van Antwerpen*, 1991-11-24).

'n Langdurige openbare debat oor die posisie van Nederlands as universiteitstaal het ontstaan nadat die Nederlandse minister van onderwys, mnr. Jo Ritzen, op 12 Desember 1989 in 'n televisie-onderhoud die Nederlandse universiteite aangespoor het om meer lesings deur middel van Engels te gee.

De redenering achter Engels als voertaal ... is dat we in toenemende mate zouden moeten inspelen op een internationalisering van universiteiten binnen de Europese Gemeenschap. [Nederland trekt] relatief heel weinig studenten uit het buitenland aan binnen de uitwisselingsprogramma's ... Dat ligt voor de hand want een Italiaanse student zal niet zo snel Nederlands

tabelheid word aan die subjektiewe *Weekly Mail*-artikel verleen deur Luckett wat verklaar: "The bill has been interpreted as a hurried move to preserve white Afrikaans-speaking elitist interests before an interim government is in place" (1993:50). Die bewerings word ook geëggo in 'n verklaring van die Studenteraad van die US: "Stellenbosch is Afrikaans, maar ons moet nie die persepsie skep dat ons 'n 'ander soort apartheid' hier probeer skep nie" (*Die Burger*, 1992-05-23). 'n Naamlose dosent aan die RAU het dosente "wat teen die gebruik van Engels vasskop", in 'n onderhoud met *Beeld* halsstarriges genoem en hulle as "die broederbond-element" op die kampus bestempel (1993-10-28).

gaan leren alleen om hier drie maanden te gaan verblijven. Hij zal dat waarschijnlijk ook niet zo snel gaan doen als hij hier een hele studie zal gaan volgen. Dat zou dus in mijn ogen opgevangen kunnen worden door meer onderwijs in het Engels te gaan geven (Tiemeyer, 1992:9).

Die diskussie het telkens weer opgevlam, en het uitgebrei tot 'n debat oor kultuurbehoud en internasionalisering in die algemeen, waarin ook die noodsaak al dan nie daarvan geopper is om Nederlands as bestuurs-, geregs- en onderwys-taal wetlik vas te lê. In November 1990 het verskeie partye in die Nederlandse parlement 'n mosie aangeneem waarin dit op die plegtige wyse, eie aan amptelike besluite, soos volg gestel word:

overwegende, dat de Nederlandse taal drager is van onze kultuur;

voorts overwegende, dat in de onderwijswetgeving de plaats van de Nederlandse taal onvoldoende is veranker;

verzoekt de minister te bewerkstelligen, dat in elke relevante onderwijswet de plaats van het Nederlands voldoende is vastgelegd" (*Tweede Kamer*, vergaderjaar 1990-1991, 21 800 VIII, nr. 41).

Die minister het daarop 'n kommissie aangestel wat sou vasstel of so 'n wetlike verandering noodsaaklik is. Die voorsitter daarvan was die Leidse hoogleraar in Politieke Teorieë en Regsfilosofie, prof. H.R. van Gunsteren.

Hierdie kommissie het op 8 Januarie 1992 sy advies gereed gehad. In die verslag word die argumente van voor- en teenstanders van die groter gebruik van Engels aan Nederlandse universiteite saamgevat. Die teenstanders is bedug vir 'n algemene verslegting van die Nederlandse taalvaardigheid en 'n afnemende motivering om die Nederlandse taal en kultuur ernstig te neem en daarmee besig te wees. In die ergste geval doem die visioen op van die volledige verdwyning van die Nederlandse taal as gevolg van die binnelandse verengelsing en die internasionale druk tot uniformering. 'n Staatstruktuur wat die Nederlandse taal goedgesind is, word gesien as voorwaarde vir die oorlewing van die Nederlandse taal, kultuur en identiteit. Die reëling van Nederlands as voertaal van die hoër onderwys is 'n aspek van dié goedgesindheid. Die voorstanders van meer Engels het nie die juistheid van die redenasie in twyfel getrek nie, maar die aanwesigheid van 'n bedreiging ontken.

In die verslag is ook gewys op 'n saak wat deur die Departement Afrikaans en Nederlands van die Universiteit van Wes-Kaapland geopper is. Dit is die vrees dat die gebruik van Engels in 'hoëre' (akademiese) kringe sal voer tot die ontstaan of versterking van 'n 'sosiale taalgrens', 'n nuwe vertikale gelaagdheid van diegene wat vreemde tale beheers en dié wat dit nie doen nie.

Hierdie sosiale taalgrens word verwerp met die argument dat dit ondemokraties is. Die reg op gelyke kanse word geskend deurdat nie almal gelyke toegang tot hoër onderwys, tot bepaalde bane en wetenskaplike publikasies het nie. Bowedien sou mense wat belasting vir onderwys betaal, reg hê op onderwys in hul eie taal. Hier word met ander woorde 'n reg van die individu geskend. Die sosiale taalgrens word ook onaanvaarbaar geag vanweë die te verwagte nadelige konsekwensies vir die effektiewe funksionering van die maatskappy, waarmee gedui word op die sosiale gevolge van gebrekkige kommunikasie, maar ook op nadelige ekonomiese gevolge.

Die advieskommissie het dit nie gewens geag om Nederlands as voertaal in die onderwys wetlik te veranker nie. "Alleen als zich ruïneuze ontwikkelingen zouden aftekenen, wat thans niet het geval is, zou zulk een ingreep overwogen moeten worden." Die kommissie het onder meer die vermyding van 'n "escalierend politiek debat rond algemene taalkwesties" en "geen algemene onderwys-taalwetgeving" aanbeveel (Commissie Taalaspecten Onderwijs: 19).

Die minister was dit daarmee eens, maar alle partye van die Tweede Kamer wou tog hê dat Nederlands wetlik voorgeskryf word as voertaal in die hoër onderwys. So is die minister gedwing om in die *Wet op het hoger onderwijs en wetenschappelijk onderzoek* te bepaal dat "colleges en examens op universiteiten in het Nederlands worden gegeven" (*NRC Handelsblad*, 1992-03-06). Uitsonderinge is opleiding in 'n vreemde taal (wat in dié taal gegee kan word) en gasdosente wat geen Nederlands praat nie. Die Nederlandse wetgewing is sedert 1 Augustus 1993 van krag.

Ook in Vlaandere het Ritzen se uitsprake 'n stroom van proteste laat ontstaan. Die minister van onderwys, Coens, het in 'n universiteitsdecreet bepaal dat die basisdiploma in die moedertaal behaal moet word. Spesialisasies kan daarna wel in Engels gevolg word.

De Standaard het in sy hoofberig van 10 en 11 Novembver 1990 geskryf dat wat aan die basis van die dekrete lê, die sosiale beginsel is "dat het behalen van een basisdiploma niet moeilijker gemaakt mag worden door van een Vlaamse jongere kennis van een vreemde taal te eisen". Met 'basisdiploma' word bedoel die diploma wat uitgereik word na die tweede siklus.⁷

7 Met die "tweede cyclus" word bedoel "de afstudeerjaren [...] waarna men bij ons arts, apotheker, ingenieur of licenciatat wordt. Dit is de ekwivalent aan het doctoraal in Nederland. 'Postgraduate' of derde cyclus is alles wat na het afstuderen volgt: gespecialiseerde leergangen, of opleidingen die voorbereiden op het proefschrift (doctoraat)", aldus prof. Y. van den Berghe van die Departement Politieke en Sociale Wetenschappen aan die Universitaire Instelling Antwerpen in antwoord op 'n navraag van die skrywer hiervan.

Om licentiaat, burgerlijk ingenieur, apoteker, geneesheer of dierenarts te worden, heeft men dus aan het Nederlands genoeg. Tenzij een kursus wordt gegeeven door een buitenlandse prof. Maar kennis van de vreemde taal is dan alleen nodig voor het bijwonen van de lessen.

Die bestaan van wette en dekrete waarborg nie die uitvoering daarvan nie, maar lewer wel getuienis van 'n toenemende bewustheid van die gevaar van verengelsing.

7. Kommentaar op onlangse ontwikkelings

Dit lyk miskien op die oog af billik om te eis dat "the remaining Afrikaans-language universities will have to become non-racial or multicultural and multi-lingual PSE institutions" (NEPI, 1992:70). Afrikaanse universiteite is in elk geval reeds "non-racial or multicultural". Die vraag kan gestel word waarom die eis van meertaligheid nie aan *alle* Suid-Afrikaanse universiteite gestel word nie. Verskeie Afrikataalsprekers ondervind ook met Engels moeite. Xhosasprekende studente aan die Universiteit van Wes-Kaapland kan beswaarlik met Engels oor die weg kom, skryf iemand wie se eggenote dosent aan dié universiteit is in 'n koerantbrief (*Beeld*, 1993-06-25).

Nietemin, soos in afdeling 1 aangetoon, voer Afrikaanse universiteite om 'n verskeidenheid redes parallel- en dubbelmediumonderrig in. 'n Volledige parallel-mediummodel behels dat lesings in Afrikaans en Engels gegee word, wat 'n verdubbeling van die doseerlas van dosente meebring. Sommige universiteite (TUK/UP, UKOVS en UPE) het in die verlede 'n gedifferensieerde parallelmediumprogram gehad waarvolgens sommige vakke in Afrikaans en ander in Engels aangebied is.

Die dubbelmediummodel behels dat Afrikaans en Engels in dieselfde lesing gebruik word: of deur 'n bepaalde onderwerp in Afrikaans en 'n volgende in Engels te behandel, of deur 'n onderwerp in Afrikaans te behandel en in Engels te herhaal.

Die twee voertaalmodelle het albei beperkings. Albei vorme van dubbelmedium lei tot lastige probleme. Word stof volledig in een taal en daarna in die ander behandel, verveel dit tweetalige studente en frustreer dit die eentaliges wanneer die taal wat hulle swak of glad nie ken nie, gebruik word. Ook die ander dubbelmediummodel (die een tema in Afrikaans en die volgende in Engels) lewer moeilikhede. As Afrikaans vir 'n student 'n probleem is wanneer 100 persent van die lesing in Afrikaans is, sal dit ook 'n probleem wees indien 50 persent of 25 persent van die lesing Afrikaans is. Sodoende kan Afrikaans stelselmatig verdring word. Dubbelmedium lei dus maklik tot volledig Engelse lesings selfs wanneer daar maar 'n klein aantal studente is wat die Afrikaanse deel van die lesing

nie verstaan nie. Die voertaalprobleem het juis vir die eerste keer in 1917 akuut geword toe die meerderheid studente in 'n geskiedenisklas aan die TUK Afrikaans gevra het vir die doseer van Suid-Afrikaanse geskiedenis. Volgens 'n berig (in *De Volkstem*, 1918-02-25) was een damestudent nie in staat om Afrikaans te verstaan nie, en is die klas dié jaar in Engels gegee.

Dubbelmedium vorm 'n oorgang tot verengelsing. Dit kan die hele taalontwikkeling omkeer: waar universiteite via tweetaligheid tot Afrikaans beweeg het, kan party fakulteite of inrigtings moontlik via dubbelmedium herverengels.

Parallelmedium is op die oog af 'n regverdige oplossing van die voertaalvraagstuk, maar dis duur, en bring verdubbeling van werk vir dosente en ingewikkelde roosterreëlings mee. Geen inrigting kan konsekwent die lesings vir alle kursusse verdubbel nie. Parallelmedium word dan maklik aangevul met dubbelmedium.

Van Coller wys daarop dat kursusinhoude en vraestelle by parallelmedium gelykwaardig en "ideaalgesproke dieselfde" moet wees. "Op die lange duur kan dit die doodsklok beteken vir die Afrikaanse handboek wat na jare se stryd homself in 'n bykans ontoeganklike mark gevestig het. Kollegas het nou reeds probleme in hierdie verband" (Van Coller, 1993: 8-9).

Om reg te laat geskied aan albei tale, sal universiteite wat parallel- en dubbelmedium invoer, vir 'n rigiede toepassing van taalreëlings moet sorg, terwyl dosente juis van soepelheid en buigsame reëlings hou.

Aan die ander kant kan afwykings taalgriewe tot gevolg hê. Die UWK ly onder 'n ander gevolg van die verengelsende beleid van die laaste paar jaar: dit staan plattelandse studente af aan die US.

Volgens berigte en koerantbriewe vind sommige akademici aan Afrikaanse universiteite dit goed dat Engels die voertaal is selfs wanneer net enkele studente in 'n klas moeite het met Afrikaans. Die digteres en letterkundige, Lina Spies, verwys na die houding van 'n Stellenbosse akademikus wat gesê het dis korrek dat 'n dosent in Engels doseer wanneer daar in 'n klas van twintig of dertig studente vyf is wat Afrikaans nie magtig is nie (*Die Burger*, 1993-05-05).

Sulke mense hou min rekening met die gevolge wat die moontlike verdwyning van Afrikaans as universiteitstaal sal meebring vir die Afrikaanse gemeenskap, vir die stede of dorpe waarin die universiteite geleë is, en vir Afrikaans as wetenskaps- en onderwystaal en oor die algemeen as kultuurtaal.

Wat die onderwys betref, kan 'n mens wys op die standpunt wat die Algemeen Nederlandse Verbond aan die Nederlandse minister van onderwys gestel het. Die ANV het gesê dat dit 'n funeste invloed op die motivering van leerlinge in die

middelbare onderwys ten opsigte van hulle eie taal sal hê as hulle weet dat hulle verder in Engels sal moet ontwikkel.

Wat Afrikaans as wetenskapstaal betref, kan 'n mens volstaan met die woorde van die Antwerpse historikus, Y. Vanden Berghe, oor die "sluipende 'verengelsing'" van die hoër onderwys in Nederland en Vlaandere. Hy skryf dat die Vlaminge instinkief weet

... dat de zekerste weg om onze cultuur te nekken erin bestaat het universitair en hoger onderwijs te verengelsen. Is onze economische en culturele opgang er juist niet gekomen na de vernederlandsing van ons universitair onderwijs, na het bewust losmaken van de toenmalige universele taal van wetenschap, kunst en letteren? Verengelt hoger onderwijs in Vlaanderen en Nederland is het ideale breekijzer om de Nederlandse taal en cultuur af te breken en het Nederlands te herleiden tot huis- en keukentaal (Vanden Berghe, 1992:18).

Wat Vanden Berghe van Nederlands sê, geld in 'n veel groter mate vir Afrikaans. Die prysgawe van Afrikaans as onderwystaal sal op die duur meebring dat die Afrikaanse leerling en student van die Afrikaanse letterkunde en die hele Afrikaanse boekeskat vervreem word. Carstens (1993) wys op die belang van die kennis van Afrikaans vir 'n hele aantal studieverdele. Kennis en insig op hierdie terreine gaan verlore indien Afrikaans as onderwys- en wetenskapstaal verdwyn.

Vanden Berghe (1992:20) skryf dat solank die Nederlandstalige wêreld (en ons kan byvoeg: ook die Afrikaanstalige wêreld) nie op demokratiese manier besluite het om ons kultuur te vervang deur 'n ander kultuur nie, die universiteit as hoogste onderwysniveau ons kultuur na die volgende generasies moet oordra en tot groter bloei bring (1992: 20).

Die behoud van Afrikaans as wetenskaps- en onderwystaal behoort 'n belangrike oorweging te wees wanneer besluite oor die toekoms van die Afrikaanse universiteite geneem word. Die universiteite moet nie gebruik word as instrumente om die Afrikaanse kultuur te vernietig nie.

Bibliografie

- Boucher, M. 1973. *Spes in arduis. 'n Geskiedenis van die Universiteit van Suid-Afrika*. Pretoria : Universiteit van Suid-Afrika.
- Carstens, W.A.M. 1993. Afrikaans en interdisiplinêre studie: moontlikhede en eise in 'n toekomstige Suid-Afrika. *Literator*, 14 (2): 88 – 39.
- Cobarrubias, J. 1983. Ethical Issues in Status Planning. In: Cobarrubias, J. & Fishman, J.A. (eds.). *Progress in Language Planning. International perspectives*. Berlin : Mouton p. 41-85.
- Commissie Taalaspecten Onderwijs 1992. *Voertalen in hoger onderwijs en onderzoek*. Den Haag : Tweede Kamer der Staten-generaal.
- De Villiers, C. 1979. *Soete inval. Nagelate geskrifte*. Kaapstad : Tafelberg

- Lockett, K. 1993. "National Additive Bilingualism": Towards the Formulation of a Language Plan for South African Schools. *Southern African Journal of Applied Language Studies*, 2(1): 38-60
- NEPI (National Education Policy Investigation). 1992. *Post-Secondary Education*. Kaapstad : Oxford University Press.
- Steyn, J.C. 1993. Die voertaalvraagstuk aan Suid-Afrikaanse universiteite tot omstreeks 1930. *SA Tydskrif vir Taalkunde*, Supplement 18: 225-274.
- Tiemeyer, Will. 1992. Nederlands als voertaal: Een twee jaar durend misverstand *Wetenschapsbeleid* (Ministerie Onderwijs en Wetenschappen), 14 (2): 9-11.
- Van Coller, H.P. 1993. Die politieke magspel rondom taal en letterkunde in die nuwe Suid-Afrika. *ATKB-gedenklesing*, 2 November 1993. Bloemfontein : ATKB.
- Vanden Berghe, Y. 1992. Nederlands eerst. De taal van het hoger en universitair onderwijs *Vlaanderen Morgen*, 4: 17-24.
- Vergnani, L. 1991. Afrikaanse universiteite op weg na Afrika. *Die Suid-Afrikaan*, 34:20-24.
- Wiese, T. 1988. Die UWK en Afrikaans. *Insig*: 28-29, Jan.

Universiteit van die Oranje-Vrystaat